

Die Here is naby

Reeks preke oor die brief aan die Filippense

Dr AH Bogaards

2013

Preek 3

Lees: Fil.1:1-11

Teks: Fil.1:1-2

Psalms: 122:1,2; 89:6,7; 1:1,4; 128:1; 134:1-3

1. Inleiding:

Ons begin vandag met Filippense, die brief van die blydschap.

Soos alle ander briewe in die Nuwe Testament begin ook hierdie een met die noem van:

1. die skrywer van die brief;
2. die lesers van die brief; en
3. 'n seëngroet.

Dit sal ook ons hoofpunte wees.

Ons let dan in die eerste plek op:

2.1. die skrywer

van hierdie besondere brief.

Die eerste vers sê dit: Paulus is die skrywer. Weliswaar word ook die naam van Timothëus genoem, maar uit die res van die brief is dit duidelik dat Paulus alleen die opsteller is. Waarskynlik word Timothëus se naam wel genoem, omdat hy self ook nou by die stigting van die gemeente betrokke was en omdat hy hom volledig met die inhoud van hierdie brief vereenselwig het.

Die **omstandighede van Paulus** terwyl hy hierdie brief skryf, laat besondere lig oor die Filippense-brief val. Want dit is duidelik dat hy skryf vanuit die **tronk**. So praat hy 'n paar keer van *sy boeie* en hy maak ook melding van die *keiserlike lyfwag* wat hom bewaak.

Net soos in die tyd van die stigting van die gemeente - daar in Handeling 16 - bevind die apostel hom dus weer in die gevangenis.

Maar daar hou die ooreenkoms nie op nie. In Handeling 16:25 het ons gehoor dat Paulus en Silas in die tronk gebid en lofliedere tot eer van die Here gesing het. En dit is nou juis so verrassend: in die Filippense-brief vind ons dit ook: GEBED EN SANG!

1. Want die *eerste* wat Paulus doen, nadat hy die gemeente in vv.1 en 2 gegroet het, is om te **bid**. Dié gebed vind u in vv.3-11. En dit is 'n heel besondere gebed. Want Paulus kla nie oor sy moeilike omstandighede nie, maar...hy dank God! En wat so geweldig treffend is : hy bid nie vir homself nie, maar vir die gemeente en hy dank die Here vir die heerlike werk wat God in die gemeente gedoen het. Hy self is nie belangrik nie, maar die skape van die Here. Verder loop die gebed - ondanks Paulus se moeilike omstandighede - oor van blydschap.

Hoeveel keer ons ons gebede nie vervul met egoïsme nie? Ja, hoeveel maal dink ons nie net aan ons eie belange nie? En: sien ons nog die genade van die Here raak in ons geloof en dank ons God daarvoor? Is daar in ons gebede die toon van blydschap? Want hier leer die Heilige Gees ons bid en hier toon Hy ons wat ons moet doen in ons lewensnood.

2. Maar *tweedens*, naas die gebed, **sing** Paulus ook. Daar in die tronk van Filippi het hy en Silas dit al begin doen. En hier in die gevangenis van Rome sit hy dit voort. Hy sing nog steeds en nog steeds is dit lofliedere tot eer van die Here. Want nog steeds sing hy van die groot daade van God. Want Filippense 2:5-11 is 'n jubellied oor die verlossingswerk van Christus. En daardie blye toon weerklink deur die hele brief. Want Filippense is een groot vreugdesang oor God se werke in Christus en die blydschap wat dit ons gee.

Prikkel dit ook u sanglus as u dink wat God in sy Seun vir u gedoen het?

Maar wie is hierdie Paulus nou? Hy noem homself en Timothëus **diensknegte van Jesus Christus**. Daarmee wil hy sê: hy staan in diens van Jesus Christus. Die Koning van die kerk self het hulle

gestuur om Jesus Christus en sy blye boodskap aan die gemeente te verkondig. Dit is die diens waartoe hulle geroep is. Dit gaan om Christus en sy saak. Dit wil hulle predik en bevorder.

Dit geld vandag nog van alle predikers. Hulle kom na u toe as diensknegte van Koning Jesus. Ons is sy dienaars, deur Homself uitgestuur, om sy vreugdetyding aan u te predik. Dit is ook die besondere van elke erediens: By monde van sy diensknegte wil die Here ook vandag met ons bemoeienis maak en die vreugdeboodskap van die evangelie aan ons bekendmaak. Sien ons nog die hand van die Here agter hulle?

Maar ons kom by die tweede:

2.2 die lesers van die brief.

Wanneer ons 'n brief ontvang, is dit belangrik om voorop die koevert te kyk **vir wie** die brief bedoel is. As ons naam en adres dan daarop verskyn, weet ons die brief is vir ons bedoel.

Ook op hierdie brief wat ons behandel, staan 'n adres. Paulus sê uitdruklik: dit is geadresseer ***aan al die heiliges in Christus Jesus wat in Filippi is, saam met die opsieners en diakens.***

Hierdie brief en sy wonderlike boodskap - en dit moet ons benadruk - is dus **nie vir die hele wêreld** bedoel nie. Net 'n sekere groep word aangespreek. Want baie uitdruklik sê Paulus: **aan al die heiliges in Christus Jesus.**

Om dus te weet of daardie brief ook aan ons geadresseer is, moet ons weet **wat 'n heilige is:**

1. En dan wil ek eers begin deur te sê wat 'n heilige **nie** is nie. Dit is nie 'n sekere groep **super-gelowiges** in die kerk nie. Dit is nie so dat een deel van die gelowiges in 'n gemeente heiliges is en ander Christene nie. Dit is 'n dwaling waarmee die Roomse Kerk ons opgeskeep het. Hulle het sekere groot teoloë of uitstaande gelowiges gaan bevorder tot "heiliges". So het hulle die groot kerkvader Augustinus genoem Sint Augustinus, of te wel "die heilige" Augustinus.

'n Heilige is ook **nie** iemand wat **sonder sonde** is nie. As dit waar was, sou nie een van ons gekwalifiseer het nie en dan sou die boodskap van Filippense nie vir een van ons bedoel gewees het nie.

2. Maar wat is 'n heilige dan **wel**? Dit sê die woordjie heilig al. Heilig beteken: **afgesonder**, eenkant gesit vir die diens van die Here. Die Here het ons uit die goddelose wêreld geneem

en eenkant gesit vir sy diens. In die kerk en in ons huise en in die samelewing is ons geroep om die Here te dien. **Dit** is wat ‘n heilige is.

Maar nou moet ek direk vir u by sê: **soos ons is, is ons nie geskik vir die diens van die Here nie.** Ons is bevlek van die sonde en onwillig om ons lewe af te sonder in sy diens. Maar luister nou mooi wat die apostel sê: hy sê nie dat die mense in Filippi opsigself heiliges is nie. NEE, sê Paulus, maar hulle is heiliges *in Christus Jesus*. En daardie woordjies *in Christus Jesus* sê alles. Want dit sê: hulle het deel aan Hom. Hulle is skoongewas deur sy bloed; Hy het hulle sy Heilige Gees geskenk en so het Hy hulle bekwaam gemaak om hulle lewe aan God toe te wy.

Die groot vraag is daarom: hoe kan ons heiliges word? Hoe kan ons *in Christus Jesus* kom? Die antwoord is heel eenvoudig: **deur die geloof!** Deur die geloof word ons ingeplant in Hom en deur die geloof kry ons deur sy Gees en Woord deel aan sy heiligende bloed en sy verlossing van die heerskappy van die sonde. Jesus Christus is dus die sleutel tot ons heilig. As ons dus leef vanuit sy offerande en as ons ons laat regeer deur sy Gees en Woord, is ons heiliges.

Maar dan moet ons direk daarby sê: dan is daar tog mense in die gemeente wat **nie heiliges** is nie. Want as ons aan die kerk behoort, maar ons steur ons nie aan die Woord van God nie en die bloed van die Lam is vir ons nie dierbaar nie - dan is ons nie heiliges nie. En - dan is Filippense ook nie aan ons geadresseer nie.

Maar ons kom by die laaste hoofpunt:

2.3. die seëngroet

Paulus groet die gemeente met die woorde: ***Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!***’

Ons let eerstens op die woorde ***genade*** en ***vrede***:

Genade - dit kan ons beskryf as God se onverdiende liefde vir sondaars. Dit is sy genadige skuldvergifenis en sy genadige verlossing van die slawerny van die duiwel. ***Vrede*** weer is die heerlike vrug van God se genade: danksy God se genade het ons die wonderlike, blye vrede met die Here.

Dit is dus duidelik: genade en vrede **hoort bymekaar**. Sonder genade kan daar geen vrede met God wees nie. Want vrede is die gevolg van die genade. Of om dit met ‘n beeld te verduidelik:

genade is die bron, die fontein, die oorsprong. En **vrede, dit is die stroom** wat uit die fontein ontstaan. Sonder die bron sou daar geen rivier gewees het nie en net so is dit gesteld met ons geestelike lewe: as die genade van God nie daar was nie, sou die stroom van vrede met die Here ook nie in ons lewe gevloei het nie. Genade loop uit op vrede.

En **vrede** dit is weer so 'n ryk woord. Daarom wil ek ook daarby kortliks met u stilstaan:

- ons is geneig om aan die woordjie vrede 'n uitsluitlik **negatiewe betekenis** te gee. Vrede beteken vir ons: geen oorlog nie. Of geestelik toegepas beteken dit vir ons: die Here is nie meer kwaad vir ons nie.
- nou is dit alles waar. God is inderdaad, danksy die bloed van Christus, nie meer toornig op ons nie. Maar tog is daarmee nog nie alles gesê nie. Want die woord **vrede** het ook 'n sterk **positiewe** inhoud. Want as die Here nie meer kwaad was vir ons nie, maar verder ook nie meer met ons bemoeienis sou gemaak het nie, sou dit ook verskriklik gewees het. Maar God sy dank, vrede beteken veel meer as dit. Dit hou ook in dat die Here in die praktyk van die lewe sy Vaderlike liefde en sy liefdevolle sorg na ons toe laat uitgaan. Ja, vrede is 'n aksie-belaaide begrip: want dit spreek van God se beskerming en bewaring in tye van benoudheid.

Ons het die voorreg dat ons elke Sondag, aan die begin van elke diens, hierdie woorde mag hoor. Want deur die mond van die dominee sê die Here vir ons: **genade** en **vrede** vir julle. En die woord **genade** sê vir u: die Here wil u skoonwas deur die bloed van Christus en Hy wil al u sondes vergewe, Hy wil u vernuwe.

En as u hier uitgaan, mag u die **vrede** van die Here met u saamneem. En u mag daaraan dink dat daardie vrede vir u beteken: God se Vaderlike sorg omstraal my hele lewe. In my werk is Hy met my. By die huis, op die pad, by die skool, op die sportveld, is sy Vaderhande vol liefde oor my uitgestrek.

En dan mag ek in die *goeie dinge* van die lewe weet: dit is God se Vaderhande wat daarin vir my oopgaan.

Maar *ook in tye van teëspoed* mag ek reken op die Here se Vaderlike nabyheid. Want dit het Hy so heel persoonlik aan elkeen van ons by ons doop belowe: Ek wil jou Vader wees...en alle kwaad van jou afweer of tot jou beswil laat dien. En as daar dan siekte en teëslae en teleurstellings oor

ons kom, dan moet ons dink aan die woorde wat ons elke Sondag hoor: VREDE, VREDE vir jou. Vrede...dit wil sê: ook in hierdie aanvegting is Hy as Vader met my besig. My Vader! My liefdevolle Vader! Dit kan nie anders nie. Want Sondag het ek weer tweemaal die versekering gehoor: vrede, vrede vir u!

Genade vir julle en vrede, sê Paulus. En dan sê hy ook Wie die Gewer is: **"van God die Vader"**. HY open sy hande en skenk aan ons genade en vrede. So 'n goeie Vader het ons. En dan voeg Paulus daarby: **"en die Here Jesus Christus"**. Want deur die kruisdood van sy Seun en danksy die volmaakte gehoorsaamheid van sy Kind wil die Vader aan ons genade en vrede gee. CHRISTUS het vir ons die weelde van die genade en die rykdom van die vrede verdien.

In hierdie woorde van die seëngroet het ons eintlik 'n **opsomming van die hele Filippense-brief**. Want dit is die genade en die vrede van God wat ons bly maak. Dit is die vreugde van ons lewe dat God ons Vader wil wees deur die werk van sy Seun op Golgota. Dit gee ware blydschap: die evangelie van ons Here Jesus Christus. Hou daaraan vas u hele lewe lank.

3. Slot

Wie hierdie genade ken en hierdie vrede smaak, sal soos Paulus in die tronk, bid en sing. Ja, hy sal dank en jubel, selfs in die nood. Want die genade en die vrede van God is die bron van ons blydschap en stof tot dankbaarheid.

AMEN.